higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE FINANSIES N6

(21010076)

24 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

037Q1J2124

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE FINANSIES N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is verpligtend.
2. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: VERPLIGTEND

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Regeringsbegrotings moet onderskei tussen …

A lopende en kapitaaluitgawe.
B verskillende belastingbronne.
C regeringsinstellings.
D Nie een van bogenoemde nie.

1.1.2 Die begroting van 'n departement kan beskou word as 'n …

A finansiële plan.
B beleidsverklaring.
C bedryfsplan.
D Al die bogenoemde.

1.1.3 Heffings op ingevoerde goedere is … heffings.

A inkomste-
B verbruiks-
C waardetoegevoegde
D oordrag

1.1.4 Die quid pro quo beginsel beteken …

A menslike of regsentiteite.
B iets vir iets.
C huishouding.
D ontspanning.

1.1.5 Mynregte en verskeie soort lisensies word geklassifiseer onder ...

A gebruikerstarief ('user charge').
B verbruikerstarief ('consumer tariffs').
C nominale heffing.
D invoerbelasting ('consumer duty').

1.1.6 'n Begroting is 'n finansiële staat van inkomste en ontvangste ('income and revenue') vir 'n …

A periode van een jaar.
B periode van twee jaar
C periode van ses maande.
D Nie een van bogenoemde nie.

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Invoerbelasting kan …

A die invoer van goedere ontmoedig.
B die storting ('dumping') van goedere voorkom.
C 'n waardetoevoegingsfunksie hê.
D A en B

1.1.8 Aksynsbelasting ('Excise duty') is…

A belasing op brandstof.
B sondebelasting.
C luuksebelasing.
D A, B en C

1.1.9 Die regering kan 'n fiskale beleid gebruik om ekonomiese groei te stimuleer. Dit kan gedoen word deur …

A aansporings.
B aftrekkings.
C vrystellings.
D inkomste.

1.1.10 … is verantwoordelik vir die grootste deel van staatsinkomste..

A Korporatiewe inkomstebelasing
B Belastingverpligting
C Betaalstaatbelasting ('Payroll tax')
D Persoonlike inkomstebelasing

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Belasting word deur die SAID namens die regering ingesamel.

1.2.2 Belasting is vrywillig en opsioneel.

1.2.3 Skenkingsbelasting is daarop gemik om ander belastingbronne soos boedelbelasting en inkomstebelasting te beskerm.

1.2.4 Maatskappybelasting is 'n belangrike bron van inkomste vir die regering.

1.2.5 Oordragbelasting ('Transfer taxation') kan beskou word as 'n belasting op die rykdom van in die gemeenskap soos weerspieël in hul kapitaalbates.

1.2.6 Seëlbelasting is nie 'n ad valorem belasting nie.

1.2.7 Die belangrikste hulpmiddel vir belastingbeheer is oudit.

Kopiereg voorbehou

1.2.8 BTW kan beskou word as 'n verbruiksbelasting ('consumption tax').

1.2.9 Die belastingkoers word deur wetgewing bepaal.

1.2.10 Belasbare inkomste is daardie deel van ontvangste waarop belasting gebaseer is.

(10 × 2) (20)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommmer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 … op sekere dinge beteken dat inkomstebelasting nie daario betaal hoef te word nie.

1.3.2 … beteken dat iemand wat inkomstebelasting betaal ná 'n verhoging minder as voorheen kan verdien.

1.3.3 Aksynsbelasting word nie as … gehef nie en dit kan dus maklik gekontroleer en ingesamel word.

1.3.4 'n Verkoper ('vendor') betaal … aan die SAID indie vorm van BTW.

1.3.5 Die … koördineer en integreer regeringsaktiwiteite in 'n gegewer finansiële jaar.

1.3.6 'n … is die kontrolering van finansiële rekords deur verskeie begrotingsoutoriteite.

1.3.7 Die kapitaalbegroting verskaf uitgawe-insette aan die … begroting.

1.3.8 Eiendomsheffings ('Real property charges') gehef deur die plaaslike owerheid bestaan uit … en belasting.

1.3.9 Die… begroting is afdwingbaar totdat die hoofbegroting in werking tree..

1.3.10 Die … moet die algemene beleid van die regering weerspieël.

(10 × 2) (20)

1.4 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 (Invoer-/Aksyns-) belasting word gebruik om storting ('dumping') van goedere te voorkom.

1.4.2 (BTW/Betaalstaatbelasting) is verkoopbelasting gehef op elke opeenvolgende verkoopvlak.

1.4.3 (Persoonlike/Vaste) eiendom verwys na grond plus verbeteringe.

Kopiereg voorbehou

1.4.4 [Inkomste/Betaalstaat ('Payroll')] is belasting op geld wat maatskappye verdien.

1.4.5 Standaarduitgawe-items word volledig in die (finansiële/ekonomiese) opgawe gegee.

1.4.6 Die (interim-/hoof-) begroting allokeer fondse vir 'n volledige finansiële jaar.

1.4.7 (Aftrekkings/Aansporings) impliseer dat belasting in die algemeen vir netto-inkomste geld.

1.4.8 'n Belastingbetaler ontvang 'n (redelike/onmeetbare) waarde vir elke geldeenheid ('unit of currency') wat in die vorm van belasting betaal word.

1.4.9 (Provinsiale/Plaaslike) regerings mag nie belasting op weddery hef nie.

1.4.10 (Persoonlike/Personeel-) belasting verteenwoordig die grootste deel van die staatsinkomste.

(10 × 2) (20)

1.5 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Inkomstebegroting	A	versekering van effektiewe en doeltreffende besteding van openbare fondse
1.5.2	Staatsinkomstefonds		
1.5.3	Oordrag ('Roll-overs')	B	mense en salarisse
1.5.4	Regeringstoelae	C	verwagte inkomste
1.5.5	Lopende uitgawe	D	dag-tot-dag lopende uitgawes
1.5.6	Kapitaaluitgawe	E	proses om 'n toestand te bewaar
1.5.7	Instandhouding	F	duur langer as een jaar
1.5.8	A priori beheer	G	bron van inkomste vir provinsiale regerings
1.5.9	Personeel	H	geld oorgedra na volgende finansiële jaar vir onvoltooide projekte
1.5.10	Goedkeuring	I	amptelike verklaring dat iets aanvaarbaar is
		J	SAID
		K	beheer ná gebeurtenis

(10 × 2) (20)

[100]

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Verduidelik *herverdeling van rykdom*. (2)

2.2 Bespreek DRIE doelwitte van belasting. (9)

2.3 Noem VYF kenmerke van 'n begroting. (10)

2.4 Bespreek VIER instellings wat inligting oor die begroting nodig het. (12)

2.5 Gee DRIE redes hoekom 'n kapitaalbegroting afsonderlik opgestel moet word. (6)

2.6 Noem DRIE interne bronne van kapitaalfinansies. (3)

2.7 Beskryf VIER belastingheffings wat op plaaslike regerings van toepassing is. (8)

[50]

EN/OF

VRAAG 3

3.1 Verduidelik kortliks elk van die volgende begrotingskonsepte:

3.1.1 Inkomste ('Revenue')

3.1.2 Uitgawe (Expenditure)

3.1.3 Kapitaaluitgawe

3.1.4 Bedryfsuitgawe

3.1.5 Beleidsdirektiewe

(5 × 2) (10)

3.2 Dui VIER fases in 'n begrotingsiklus aan. (8)

3.3 Bespreek kapitaalbegroting onder elk van die volgende opskrifte:

3.3.1 Betekenis van *kapitaalbegroting* (3)

3.3.2 DRIE items wat in kapitaalbegroting ingesluit moet wees (9)

Kopiereg voorbehou

3.4 Bespreek VIER soort belastings. (12)

3.5 Dui VIER versoeke aan wat gemaak kan word vir die aanpassing en wysiging van die hoofbegroting in die *Adjustment Appropriation Bill*. (8)
[50]

EN/OF

VRAAG 4

4.1 Die aanhef ('preamble') is 'n inleiding tot die begrotingsrede.

Noem TWEE items wat in die aanhef genoem word. (4)

4.2 4.2.1 Verduidelik *invoerbelasting* ('*import duties*'). (2)

4.2.2 Noem TWEE doelwitte van invoerbelasting. (4)

4.3 Differensieer tussen *boedelbelasting* en *hereregte*. (8)

4.4 Verduidelik VIER klassifikasies van die voorsiening van begrotingsinligting aan die wetgewer. (12)

4.5 Verduidelik *oudit*. (5)

4.6 Noem en beskryf kortliks DRIE soorte oudits wat van toepassing is op die finansies van die openbare sektor. (15)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou